



LAERSKOOL RANDHART
SPORT- EN KULTUURBELEID

Hierdie dokument is die sport- en kultuurbeleid van Laerskool Randhart, soos deur die beheerliggaam op 22 September 2016 goedgekeur. Die beleid is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996; die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (Kennisgewing 1040 gepubliseer in Staatskoerant 22751 van 12 Oktober 2001) en ander toepaslike wetgewing.

Uit hoofde van die Suid-Afrikaanse Skolewet het die beheerliggaam en die skoolhoof die reg om toegang tot die skoolterrein en skoolaktiwiteite te reguleer. Die beheerliggaam en die skoolhoof is verplig om toe te sien dat niemand wat 'n gevaar vir die leerders, skoolpersoneel of enige ander besoeker aan die skool inhou, toegang tot die terrein verkry nie. Enige besoeker aan die skoolterrein kan vir enige onwettige dwelms of gevaarlike voorwerpe deursoek word. Die beheerliggaam behou die reg van toegang tot die skoolterrein voor en kan 'n persoon toegang belet indien dit in die skool en leerders se belang is.

1. WOORDOMSKRYWING

- 1.1. “Die Skool” – beteken Laerskool Randhart;
- 1.2. “Ouer” – beteken die natuurlike ouers, voogde, kurators en grootouers van 'n leerder, maar ook in 'n breër verband elke persoon wat as toeskouer 'n sport- of kultuuraktiwiteit, wat in skoolverband plaasvind, bywoon;
- 1.3. “Onderwyser” – beteken 'n lid van die personeel van Die Skool;
- 1.4. “Afrigter” – beteken 'n afrigter wat deur Die Skool geakkrediteer is om afrigting aan sport- of kultuuraktiwiteite in skoolverband te gee;
- 1.5. “Ondersteuner” – beteken enige persoon wat 'n sport- of kultuuraktiwiteit by Die Skool bywoon;

- 1.6. “leerder” – beteken ’n ingeskrewe skolier by Laerskool Randhart;
- 1.7. “sosiale media” – beteken enige platvorm vir die uitruil van inligting en deel van idees soos byvoorbeeld Facebook, Twitter, Whatsapp ensovoorts;
- 1.8. Enige verwysing na ’n geslag sal ook die ander geslag insluit; en
- 1.9. Enige verwysing na die enkelvoud sal ook die meervoud insluit.

2. OOGMERKE VAN BELEID

Die gedragskode is gerig op die skep van ’n harmoniese en gedissiplineerde skoolomgewing waarin leerders deur middel van opvoeders, afrigters, ouers en ondersteuners hulle volle potensiaal kan bereik. Voorts skep dit ’n maatstaf aan die hand waarvan die gedrag van leerders, ouers, opvoeders, afrigters en die bestuur gemeet kan word.

Ouers en ondersteuners moet hulself as verteenwoordigers van die skool beskou wanneer hulle wedstryde, byeenkomste, optredes of enige ander skoolaktiwiteit bywoon of hulle kinders by sodanige aktiwiteit ondersteun. Ouers en ondersteuners word aangemoedig om die span waarin hulle kinders speel, sowel as ander deelnemers te ondersteun ten einde die volgende oogmerke te bereik:

- Om selfvertroue en talente by leerders te ontwikkel deur middel van deelname aan sport en kultuur by die skool.
- Om ’n gesonde gesindheid jeens sport, kultuur, Die Skool en die se medemens by leerders te kweek deur middel van deelname aan sport en kultuur.
- Om dit moontlik te maak vir leerders wat presteer in sport en kultuur om die hoogste sport te bereik.
- Om aan elke deelnemer die geleentheid te bied om sy/haar talente ten volle te ontwikkel.
- Om hulle ten alle tye met waardigheid te gedra terwyl hulle Die Skool verteenwoordig.

- Om pligsgetrouheid by leerders te kweek deur vir die hele seisoen aan 'n sport- of kultuursoort deel te neem.
- Om eenvormige drag by amptelike geleenthede te bevorder.
- Om aanvaarding van die beslissings van skeidsregters en beoordelaars te aanvaar.

3. DEELNAME

- 3.1. Elke leerder word aangemoedig om aan sport en kultuur deel te neem ten einde vaardighede op te doen.
- 3.2. Deelname in spanverband is egter beperk tot die hoeveelheid spanne wat in ligaverband toegelaat word of deur Die Skool se fasiliteite hanteer kan word.
- 3.3. Leerders mag slegs aan sport- en kultuuraktiwiteite deelneem indien die voorgeskrewe toestemming deur die ouer gegee is.
- 3.4. Afrigting vir leerders sal deur onderwysers verskaf word, maar Die Skool sal nie vir enige buite afrigting verantwoordelik wees nie tensy daar 'n spesiale reëling in die verband getref is.
- 3.5. Elke leerder se reg op deelname aan 'n sport- en kultuuraktiwiteit word gekoppel aan die leerder se opwagting by oefeninge en wedstryde/byeenkomste. Indien 'n leerder gereeld oefeninge en/of wedstryde/byeenkomste misloop sal sy/hy sy plek in die span verbeur.
- 3.6. Elke leerder sal slegs mag deelneem indien die nodige toestemming tot deelname deur sy voog voltooi is en ook die nodige vorm ten opsigte van die mediese geskiedenis van die leerder voltooi is.
- 3.7. Leerders moet poog om lewenswaardes soos probleemoplossing, durf, waagmoed, respek, trots en nederigheid te kweek deur hulle deelname.

4. GEDRAGSKODE

4.1. ALGEMENE GEDRAG

- 4.1.1. Om algemeen aanvaarde en beskaafde taal te gebruik en kru taal ten alle tye te vermy en so ook die gebruik van lasterlike en beledigende taal of onwelvoeglike tekens.
- 4.1.2. Respek te toon vir onderwysers van alle skole, afrigters, skeidsregters, beoordelaars, toeskouers, deelnemers, ondersteuners en beamptes.
- 4.1.3. Die besluite van 'n afrigter, skeidsregter of beoordelaar as finaal te aanvaar en te eerbiedig.
- 4.1.4. Om stiptelik op te daag vir oefeninge, wedstryde en byeenkomste.
- 4.1.5. Om vir die hele seisoen aan die sport- of kultuuraktiwiteit deel te neem.
- 4.1.6. Om die etos en beeld van die skool ten alle tye uit te dra en te bevorder deur waardes van eerlikheid, respek, beleefdheid en verdraagsaamheid ten toon te stel.
- 4.1.7. Om onder geen omstandighede hom aan vuilspel skuldig te maak nie of herhaaldelik opsetlik die reëls van die sport- of kultuuraktiwiteit te verontagsaam nie.
- 4.1.8. Om byeenkomste by te woon in die drag wat deur Die Skool voorgeskryf word vir die tipe byeenkoms.
- 4.1.9. Om die lyn van beheer in alle gevalle te volg deur klagtes of navrae nie in die openbaar te bespreek nie, maar wel op die volgende wyse:
 - 4.1.9.1. In die eerste plek met die afrigter privaat te bespreek;
 - 4.1.9.2. Tweedens indien die aangeleentheid nie bevredigend opgelos is nie met die sport- of kultuurvoog te bespreek;
 - 4.1.9.3. In die derde plek met die Adjunkhoof indien steeds nie bevredigend opgelos nie;
 - 4.1.9.4. In die vierde plek met die Skoolhoof; en
 - 4.1.9.5. In die laaste plek met die Voorsitter van die Beheerliggaam.
- 4.1.10. Om sosiale media nie te gebruik om afrigters, deelnemers, toeskouers, ondersteuners, Die Skool, onderwysers, beoordelaars en skeidsregters te kritiseer of beledig nie.

- 4.1.11. Om opdragte van skeidsregters of beoordelaars en beampptes te gehoorsaam sonder versuim.
- 4.1.12. Om die spankeuse van die afrigter te eerbiedig.
- 4.1.13. Indien 'n leerder van 'n afrigter buite skoolverband gebruik maak, steeds ten minste een oefening by die skool by te woon of 'n spesiale reëling met die afrigter by die skool te tref.
- 4.1.14. Om die skoolterrein skoon en netjies te laat en veral nie rommel te strooi nie.
- 4.1.15. Om skoleiendom wat gedurende 'n oefening gebruik word, nie sonder toestemming te verwyder nie. Indien toerusting wel geleen word, moet dit behoorlik in 'n register aangeteken word, betyds teruggegee word en sou dit beskadig word, die skade te herstel.
- 4.1.16. Om nie te probeer inmeng met afrigtingsmetodes of spankeuses nie.
- 4.1.17. Nie geweld te gebruik nie en ten alle tye selfbeheersing toe te pas, en
- 4.1.18. Om die regte, menswaardigheid en waarde van alle jong spelers te respekteer, nieteenstaande hulle geslag, vaardigheid, kultuur of geloof.

4.2. GEDRAG VAN LEERDERS

- 4.2.1. Leerders sal bo en behalwe die gedragsreëls na verwys in paragraaf 4.1 hierbo aan die volgende bykomende reëls onderworpe wees:
- 4.2.2. Skool sport- en kultuuraktiwiteite geniet voorrang bo klubbyeenkomste.
- 4.2.3. Om hom/haar te onderwerp aan die dissiplinêre beleid en tugstappe van Die Skool en om goeie sportmanskap aan die dag te lê.
- 4.2.4. Leerders moet in hulle voorgeskrewe ouderdomsgroepe deelneem.
- 4.2.5. Die regte drag moet by die byeenkoms gedra word.
- 4.2.6. Leerders moet verantwoordelikheid vir hulle optrede aanvaar en hou by die reëls vir elke sportsoort.

- 4.2.7. Indien 'n leerder tydens 'n wedstryd van die skeidsregter verskil, moet hy die kaptein van die span versoek om dit met die skeidsregter te bespreek, maar dit nie self doen nie.
- 4.2.8. Om hulle beste prestasie te lewer ter wille van die leerder self, die span en Die Skool.
- 4.2.9. Om as mentors op te tree vir jonger spelers van Die Skool sodat hulle in die senior leerders se voetspore kan volg.

4.3. GEDRAG VAN OUERS

- 4.3.1. Ouers sal bo en behalwe die gedragsreëls na verwys in paragraaf 4.1 hierbo aan die volgende bykomende reëls gebonde wees:
- 4.3.2. Ouers moet hulle as verteenwoordigers van die skool sien tydens byeenkomste en dus nie Die Skool, leerders en hulle eie kinders in die verleentheid te stel nie.
- 4.3.3. Om die voorgeskrewe afstand van die speelveld of verhoog tydens oefeninge, wedstryde of byeenkomste, soos deur die afrigter of wedstrydbeampte bepaal, te handhaaf en veral nie die speelveld of verhoog te betree nie.
- 4.3.4. Om nie te poog om onderwysers, deelnemers, afrigters, skeidsregters of beoordelaars te intimideer nie.
- 4.3.5. Om nie te rook, dwelms of enige alkoholiese drank tydens sport- of kulturele byeenkomste te gebruik nie. Rook sal slegs in 'n area toegelaat word wat deur Die Skool vir die doel gemerk is.
- 4.3.6. Geen wapens of gevaarlike voorwerpe mag op die skoolterrein gebring word nie en sou 'n ouer wel so maak, sal die ouer versoek word om die terrein te verlaat en die SAPD verwittig word.
- 4.3.7. Om die instruksies van die noodhulpbeamptes te gehoorsaam indien hulle kind beseer word en nie die speelveld te betree nie, maar op die kantlyn te wag totdat die nodige mediese kundige hulle te woord kan staan. – **U kind se welstand is hierdie persoon se eerste prioriteit.**
- 4.3.8. Om indien nodig die ambulans te vergesel na die naaste hospitaal waar u kind verpleeg kan word.

- 4.3.9. Afrigters mag nie gedurende sport- en kultuuroefening onderbreek word nie, al is dit om raad te gee, reëlins te tref, terugvoer te vra of klagtes en probleme te bespreek. Wag tot na die oefening.
- 4.3.10. By krieketwedstryde mag ouers nie agter die bouler se rug sit of beweeg nie en tydens hokkiewedstryde mag hulle nie op die doelhok sit of agter die doellyn beweeg nie.
- 4.3.11. Gee applous vir alle individuele- en spanprestasies ongeag skoolverband.

4.4. GEDRAG VAN AFRIGTERS (INTERN)

- 4.4.1. Afrigters sal bo en behalwe die gedragsreëls na verwys in paragraaf 4.1 hierbo aan die volgende bykomende reëls gebonde wees:
- 4.4.2. Om die uniekheid, individualiteit en die besondere behoefte van elke leerder te erken en hulle aan te moedig om sy/haar potensiaal te verwesenlik.
- 4.4.3. Om die waardigheid, oortuigings en grondwetlike regte van die speler te respekteer.
- 4.4.4. Om gesag met deernis uit te oefen.
- 4.4.5. Afrigters moet altyd die beste span kies.
- 4.4.6. Geen ouer mag in sy kind se eie span as afrigter of hulpafrigter optree nie.
- 4.4.7. Afrigters sal verseker dat leerders in hulle regte ouderdomsgroepe deelneem.
- 4.4.8. Wakker genot van die sport- of kultuuraktiwiteit aan met die wete dat wen deel van die genot is, maar nie alles is nie.
- 4.4.9. Moenie jong spelers verkleineer nadat hy/sy 'n fout begaan het nie.
- 4.4.10. Verseker die veiligheid van deelnemers.
- 4.4.11. Gee erkenning vir individuele- en spanprestasies.
- 4.4.12. Veroordeel onsportiewe gedrag, vuilspel, kru taal, geweld en onweloweglike tekens, maar altyd met die oogmerk om rehabiliterend met die leerders te werk sodat hulle die riglyne van hierdie beleid kan navolg.

- 4.4.13. Moedig leerders aan om die besluite van skeidsregters, beamptes en beoordelaars te aanvaar met die respek wat dit verdien.
- 4.4.14. Moedig respek vir opponente onder leerders en goeie sportmanskap aan.
- 4.4.15. Onderrig leerders doeltreffend in die reëls van die spel of kompetisie.
- 4.4.16. Maak seker dat toerusting en tydsduur van afrigtingskedules aangepas word by die ouderdom, vaardigheid en ontwikkeling van jong spelers.
- 4.4.17. Om oefeninge te skeduleer met behoorlike inagneming van toets- en eksamenroosters ten einde te verseker dat akademie steeds die hoogste prioriteit by Die Skool bly.
- 4.4.18. Lei deur 'n voorbeeld te stel en stel self 'n voorbeeld van goeie sportmanskap.
- 4.4.19. Wees ten alle tye konsekwent, objektief en bedagsaam in neem van besluite.
- 4.4.20. Bly ten alle tye op hoogte met die nuutste tendens betreffende die ontwikkeling van talent van jong leerders.

4.5. GEDRAG VAN AFRIGTER (EKSTERN)

- 4.5.1. Buite-afrigters sal bo en behalwe die gedragsreëls na verwys in paragraaf 4.1 en 4.4 hierbo aan die volgende bykomende reëls gebonde wees:
- 4.5.2. Buite-afrigters tree in vennootskap met personeellede op ten einde sy/haar hande te versterk en sodoende Die Skool se sport- en kultuurprestasies te verbeter.
- 4.5.3. Die buite-afrigter vervang nie die personeellid of neem sy/haar rol oor nie, tensy daar geen sodanige personeellid is vir die bepaalde sportsoort of kultuuraktiwiteit nie.
- 4.5.4. Die buite-afrigter verbind hom/haar tot die verwesenliking van Die Skool se ideale en visie.

- 4.5.5. Die buite-afrigter sal oor die nodige kwalifikasies, kundigheid en vaardighede beskik om as afrigter op te tree en sal op versoek die nodige bewyse en *curriculum vitae* in die verband verskaf.
- 4.5.6. By die keuse van posisies en spankeuses het die onderwyser die finale besluit wat in konsultasie met die buite-afrigter geneem word.
- 4.5.7. Spelpatrone en afrigtingsmetodes moet in ooreenstemming met die doelwitte, deur Die Skool gestel, wees.
- 4.5.8. Leerders moet een oefening per week by Die Skool bywoon.
- 4.5.9. Skoolaktiwiteite geniet voorrang bo klubaktiwiteite.
- 4.5.10. Buite-afrigters sal verseker dat hulle in alle opsigte aan die Wet op Beroepsveiligheid, 1993, voldoen en sal op aanvraag alle dokumentasie ter staving daarvan aan Die Skool verskaf.
- 4.5.11. Die buite-afrigter sal ook 'n kursus in basiese noodhulp voltooi het.
- 4.5.12. Die buite-afrigter moet stiptelik opdaag vir oefeninge, wedstryde en byeenkomste.
- 4.5.13. Waar nodig, sal die buite-afrigter vergaderings saam met die onderwysers en ouers by Die Skool bywoon.

4.6. TOERBELEID

Die Skool se toerbeleid stem ooreen met die Skooltoerbeleid wat deur FEDSAS onderskryf word en hierby aangeheg word as aanhangsel "1".

4.7. FONDSINSAMELING

- 4.7.1. Fondsinsamelings vir sport- of kulturele toere mag slegs met die toestemming van Die Skool plaasvind.
- 4.7.2. Alle gelde wat ingesamel word, moet in Die Skool se bankrekening gedeponeer word en mag onder geen omstandighede deur 'n ouer, onderwyser of afrigter gehou word nie.
- 4.7.3. Borge wat gekry word, mag ook nie verkry word met die belofte van spesiale gunste of dat spesifieke spelers in die toerspan sal wees nie.

- 4.7.4. Alle dokumentasie moet deur Die Skool goedgekeur word alvorens dit as prospektus aan die publiek getoon word en moet Die Skool se amptelike stempel dra.
- 4.7.5. Geen ouer mag voorgee om namens Die Skool te beding vir borgskappe nie en daar moet ten alle tye 'n volle openbaarmaking van die aard en omvang van die toer aan die publiek gemaak word sowel as die naam van die onderwyser wat aan die stuur staan van die projek.
- 4.7.6. Fondsinsamelings op straathoeke word ten sterkste verbied, sowel as enige fondsinsamelingsprojek wat die beeld van Die Skool kan skaad.

4.8. TOESTEMMING EN INLIGTING

- 4.8.1. Elke leerder wat aan 'n sport- of kultuuraktiwiteit deelneem, moet 'n toestemming by die afrigter inhandig waarin die leerder se wettige voogde toestem tot sy/haar deelname aan die aktiwiteit en ook deelname by ander skole.
- 4.8.2. Die vorm sal ook volledige inligting bevat oor die leerder se:
 - 4.8.2.1. Bestaande siektetoestande;
 - 4.8.2.2. Chroniese medikasie wat die leerder ontvang;
 - 4.8.2.3. Allergiese toestande waaraan die leerder ly;
 - 4.8.2.4. Die naam en nommer van 'n naasbestaande in geval van nood;
 - 4.8.2.5. Die naam en noodnommer van die leerder se huisdokter;
 - 4.8.2.6. Die naam van die mediese fonds waarvan die leerder lid is en die mediese fondsnummer met afskrif van die mediese fondskaart;
 - 4.8.2.7. Die naam en nommer van enige spesialis wat die leerder behandel; en
 - 4.8.2.8. Die naam en nommer van die leerder se tandarts.
- 4.8.3. Sou die bogemelde vorm nie behoorlik voltooi en geteken aan die afrigter terugbesorg word nie, mag die leerder nie verder aan die

sport- of kultuuraktiwiteit deelneem, totdat dit ontvang is nie. **Geen uitsonderings sal oorweeg word nie.**

4.9. VERVOER NA EN VAN BYEENKOMSTE

- 4.9.1. Leerders wat van skoolvervoer gebruik maak na en van byeenkomste, sal verplig wees om 'n register in die skoolbus te voltooi en sal dan ook verplig wees om met dieselfde skoolbus terug te reis na Die Skool.
- 4.9.2. Indien 'n leerder alternatiewe vervoer reël vanaf die byeenkoms, moet die leerder die afrigter en skoolbusbestuurder dinooreenkomstig inlig en moet die persoon wat die leerder vervoer skriftelike toestemming van die leerder se voogde inhandig en ook die register teken waarvolgens die persoon volle verantwoordelikheid vir die leerder aanvaar.
- 4.9.3. Leerders sal,terwyl hulle met die skoolbus vervoer word:
 - 4.9.3.1. Hulle betaamlik gedra.
 - 4.9.3.2. Ten alle tye op 'n stoel sit en vasgegordel wees, waar die bus oor veiligheidsgordels beskik;
 - 4.9.3.3. Nie voorwerpe in die skoolbus rondgooi nie;
 - 4.9.3.4. Geen voorwerpe uit die bus uitgooi nie of onweloweglike gebare aan ander padgebruikers maak nie;
 - 4.9.3.5. Alle opdragte van die busbestuurder volg;
 - 4.9.3.6. Altyd aan die linkerkant van die bus ontruim teen 'n sypaadjie en nooit in 'n pad of teen aankomende verkeer nie;
 - 4.9.3.7. Die bus ontruim en onder geen omstandighede agter die bus verby loop nie; en
 - 4.9.3.8. Die ontruimings- en noodprosedure soos deur die busbestuurder voorgelees, eerbiedig.
- 4.9.4. 'n Leerder mag slegs van privaatvervoer na en van byeenkomste gebruik maak met die se voog se uitdruklike toestemming en sal Die Skool, in hierdie omstandighede, gevrywaar wees van enige

aanspreeklikheid vir persoonlike beserings wat opgedoen mag word deur die leerder as gevolg van 'n botsing of ander ongeluk, waarin die voertuig waarin die leerder vervoer word, betrokke mag wees.

- 4.9.5. Terwyl die leerder vervoer word in die skoolbus, sal die bestuurder *in loco parentis* optree vir elke leerder.

4.10. NIE-NAKOMING VAN BELEID

- 4.10.1. 'n Leerder wat versuim om aan hierdie beleid gehoor te gee, sal in ooreenstemming met die dissiplinêre beleid van Die Skool verhoor word en mag ook deelname aan sport- en kultuuraktiwiteite tydelik of permanent verbeur.
- 4.10.2. 'n Ouer wat versuim om aan hierdie beleid gehoor te gee, sal verbied word om aan verdere sport- en kultuuraktiwiteite deel te neem of dit by te woon.
- 4.10.3. 'n Afrigter wat hierdie beleid verontagsaam en in diens is van Die Skool sal dissiplinêr verhoor word en buite-afrigters se dienste mag beëindig word in die absolute diskresie van Die Skool.

Die beheerliggaam en skoolpersoneel is daartoe verbind om ten alle tye die belange van Die Skool te probeer verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in Die Skool. Hierdie verbintenis geld ook ten opsigte van die organisasie en aanbieding van alle skoolaktiwiteite. Ouers en/of besoekers word dus versoek om die beheerliggaam in dié taak te ondersteun.